



Leerplan wat SA pas

Die huidige skoolkurrikulum berei leerlinge nie meer voor vir 'n beroep nie. Michael le Cordeur skryf hoekom Suid-Afrika se werkloosheid en die siklus van armoede hom snags laat wakker lê.

Suid-Afrika is die mees ongelike samelewing ter wêreld met 54% van ons 10 miljoen jongmense werkloos en vasgevang in die siklus van armoede. Daarom sal ons baie harder moet werk om die armes se kinders op te lei. Hiervoor benodig ons 'n nuwe skoolkurrikulum.

Laat my toe om 'n paar voorbeelde te noem.

Loodgieter

'n Paar dae gelede bel ek die plaaslike loodgieter om my badkamerkraan te herstel. Toe die jongman opdaag, groet hy spontaan: "Hallo, Juffrou! Hou Juffrou dan nie meer skool nie?" Ek besef dadelik dat hy een van my vrou, Sonia, se oudleerlinge moet wees. Hy het nooit matriek voltooi nie. Al was hy 'n *dropout*, het John vandag sy eie onderneming wat die hele buurt bedien. Hy is net 21 jaar oud.

Veiligheidsmaatskappy

Ek wou 'n veiligheidsstelsel by my huis laat installeer en 'n vriend ver wys my na Brandon.

"Hallo, Meneer," groet hy vriendelik. Ek voel skuldig, want ek herken hom net verlangs. "Matriek 1993 by Weltevrede Sekondêr," herinner hy my. Brandon se veiligheidsmaatskappy is 'n floreerende onderneming met verskeie spogtuisse in Wellington in sy boeke.

Besproeiingstelsel

In die onlangse droogte wil ons ook ons deel doen om water te bespaar. Ek bel die plaaslike hardewarewinkel, wat my deurskakel na Jason, nóg 'n oudleerling van Sonia. Hierdie 22-jarige entrepreneur het die geleentheid in die mark gesien en sy eie onderneming begin deur Jojo-tenke by huise te installeer. Voor jy kan sê "reën" is jou geute aan die tenk gekoppel. Dit vang al die grys- en reënwater op, van waar dit na die tuin en toilette gepomp word.

Weskuspêrel

Verlede Donderdag besoek ek en Marlène le Roux, hoof van die Kunstekaap, die Sekondêre Skool Weston in Vredenburg. As deel van die konsert moet die skool se leerlinge in die voorprogram optree. So ontdek ons Pearl Adams, wie se sang Le Roux so betower dat sy Pearl 'n kontrak aanbied. Maar eers moet hierdie begaafde gr. 10-leerling matriek voltooi.

Burokratiese onderdanigheid

Ek sou nog honderde sulke entrepreneurs kon opnoem. Maar jy kry die boodskap. Hierdie jongmense het vir hulself 'n loopbaan geskep. Geen een se skoolkurrikulum het



Twee werklose verwers wag langs die pad in die hoop dat 'n verbyganger hulle sal raaksien en 'n tydelike werk aanbied.

hulle voorberei vir hul beroep of onderneming nie. Vandag is hulle suksesvolle sakelui; nie danksy die onderwysstelsel nie, maar ten spyte daarvan.

Dit dwing ons om eerlik te dink oor wat ons as dosente en onderwysers die jeug aanbied. Ek is van mening dat die herkurrikuleringsproses en die opleiding van onderwysers die laaste paar jaar basies neerkom op burokratiese onderdanigheid. Anders gestel: Ons doen maar net wat ons gesê word om te doen.

Onlangs nog het ek gevra waarom voorligting en liggaamlike opvoeding kort ná 1994 afgeskaf en deur lewensoriëntering vervang is.

Kader Asmal (voormalige minister van onderwys) se vak het intussen 'n grap geword. Onderwysers onderrig dit nie meer nie en universiteite bring dit nie in berekening in die aansoekproses nie. Dit blyk nou dat die vak vervang gaan word deur geskiedenis. Maar gaan dit werk skep vir die jeug?

Geen rede om volkslied te sing

Suid-Afrika se grootste uitdaging is jeugwerkloosheid. Die regering is nie alleen hiervoor te blameer nie. Almal wat vandag 50 jaar en ouer is, het in 1994 die verantwoordelike gekry om 'n nuwe nasie te help bou, vry van die ongeregtighede en ongelykdhede van die verlede. Wei-

nig van ons het ag geslaan op dié noodkreet van wyle Madiba.

Pleks dat ons erns daarvan maak het om ons skoolstelsel reg te ruk en die jeug die waardes van wedyersydse respek, harde werk en niersagtheid te leer, het ons vasgeval in sinnelose argumente oor taal, kwotas en ras. Ons identifiseer mense steeds volgens hul kleur en noem dit transformasie!

Skrik wakker, Suid-Afrika! Daar is belangrike dinge wat ons aandag verg. Werkloosheid lei tot ledigheid en frustrasie. Frustrasie bou op tot haat, wat lei tot geweld. Met ons hoë werkloosheidsyfer is dit geen wonder dat ons die hoogste moordsyfer ter wêreld het nie. So lank 57 mense elke dag vermoor word, het ek geen rede om die volkslied by 'n sportveld te sing nie. Dit is te verwyderd van die werklike Suid-Afrika.

Opgeleide ambagslui

Ná 1994 het armoede aansienlik afgeneem, maar in die Zuma-era het armoede skerp toegeneem en tot verdere ongelykheid geleidelik.

Sedert pres. Cyril Ramaphosa se oornamete toon ons goeie vordering, maar die ekonomie groei al etlike jare nie teen die tempo wat nodig is om Suid-Afrikaners uit armoede te verlos nie. Ons skep eenvoudig nie die hoeveelheid werk wat nodig is om nuwe toetreders tot die arbeids-

mark te absorbeer nie.

As ek dink aan die 660 000 matrikulante wat eksamen skryf, kan ek nie help om wakker te lê en te wonder waar al hierdie jongmense gaan werk kry nie. Dit is onrealisties om te verwag dat hulle almal 'n universiteitsgraad moet behaal. Dis gewoon finansiële nie haalbaar nie, en soos ek reeds gesê het, is dit nie wat ons land nou nodig het nie. Ons benodig ook opgeleide ambagslui.

Meer as 17 miljoen maatskaplike toelae word elke maand betaal. Dit is dikwels die enigste manier waarop byna 'n derde van die bevolking oorleef. Gesonde verstand dikteer dat dit 'n ongesonde situasie is wat beslis nie volhoubaar is nie. As ons die siklus van armoede wil breek, moet ons die armes se kinders oplei.

Ruim beleggings

Dit is dus belangrik dat ons jongmense in baie groter getalle by produktiewe ekonomiese aktiwiteite betrek. Werkgeleenthede vir die jeug behoort die kern van ons toekomsvisie te wees. Dit vereis dat ons kreatiewe maatreëls tref om die werkloos se behoeftes die hoof te bied. Wat ons land benodig, is ekonomiese groei en ruim beleggings.

In hierdie konteks is die internasionale beleggingskonferensie wat onlangs in Sandton gehou is en be-

leggings van sowat R290 miljard opgelewer het, 'n welkome hupstoot. Die private sektor se pogings om die regering te ondersteun in sy strewe om die siklus van armoede te breek, skep vertroue. Hopelik sal dit lei tot ekonomiese groei en verhoogde produktiwiteit.

Eksamen-'afrigting'

Ook die onderwys sal aanpassings moet maak om werkloosheid te pak.

Konflik in ons skole haal gereeld die hoofopskrifte. Dit weerspieël die veelkantige kwessie van leerlingdiversiteit, wat insluit ras, klas, geslag, godsdiens en taal. Die behoefte om doeltreffend met sulke verskille om te gaan, bring nuwe uitdagings vir die onderwysgemeenskap.

Hoe berei opvoedkundige instansies soos die Universiteit Stellenbosch (US) se fakulteit opvoedkundige studente voor om te kan skoolhou in skole wat so ver verwyderd is van die skole waarheen hulle gaan? By die US is dit nou standaardpraktyk om studente aan verskillende onderwysomgewings bloot te stel, maar dit is 'n selfs groter uitdaging om nuwe toetreders tot die onderwysmark toe te rus met die vaardighede wat nodig is om in 'n diverse skoolopset te oorleef.

Suid-Afrika benodig dringend 'n herstrukturering van die skoolkurrikulum. Die dolle gejaag van die een toets na die volgende het onderwys verwater tot afrigting vir eksamen pleks van substansiële onderrig. Vanuit gemeenskappe is daar 'n noodkreet aan universiteite om met nuwe kennis vorendag te kom wat onderwys weer relevant sal maak in die Suid-Afrikaanse konteks.

Iets om te onthou: In die suksesvolste onderwysland ter wêreld, Finland, skryf leerlinge slegs één eksamen in hul lewe – die matriek eksamen.

Ons behoort die kurrikulum sodanig aan te pas dat dit 'n hefboom word wat ons jeug sal toerus met die vaardighede om vir hulself werk te skep. Aan die een kant het ons leerlinge sonder matriek wat vir hulself werk geskep het. Aan die ander kant lewer ons graduandi wat basies deel word van die werkloosheidsstatistieke.

Akademici in die onderwyssektor het nou die geleentheid om 'n kurrikulum te ontwikkel wat bekwaame en selfversekerde jongmense sal oplewer – gereed vir die uitdagings van die moderne Suid-Afrika.



Prof. Le Cordeur is hoof van die departement kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch.